Hoërskool Rustenburg

Postnet Suite 4501 I Privaatsak X82323 I Rustenburg I 0300
Tel: (014) 592 1365/1366/0372 I Faks: (014) 592 7647/086 690 1734
E-pos: rhs@hsrtb.co.za I Webblad: www.hsrtb.co.za

UITNODIGING OM OP DIE VOLGENDE TE TENDER:

Perseel te huur op hoek van Kock-en Heystekstraat.

Die beheerliggaam van die Hoërskool Rustenburg rig hiermee 'n uitnodiging aan persone/ondernemings wat belangstel om, volgens voorskrif, te tender vir die huur van die besigheidsperseel op die skoolterrein soos uiteengesit.

- Google skakel: https://goo.gl/maps/4LvMpUCJc132

Verhuringsopsies:

- **OPSIE 1:** Volle perseel voetstoots teen R40 000 per maand (onderhandelbaar).
- **OPSIE 2:** Aansoek vir gedeelde gebruik sal oorweeg word.

Tenders moet so gou as moontlik elektronies gestuur word na nola@hsrtb.co.za met die verwysing: **"RHS - Tenderaansoek"** vir aandag die beheerliggaam.

- Datum vir besigtiging van perseel: 12 November 2018 om 15:00 – 17:00
- Sluitingsdatum vir inhandiging: 19 November 2018 om 12:00
- Voorlegging aan BL op uitnodiging: 26 – 27 November volgens afspraak
- Bekendmaking van suksesvolle tender: 28 November 2018



BEDRYFSVEREISTES VAN DIE FASILITEIT:

1. **Bedrag getender** per maand, moet aangedui word.

2. Addisionele koste soos deur die plaaslike owerheid gehef (elektrisiteit, water en vullisverwydering) proporsioneel addisioneel is betaalbaar.

3. Die suksesvolle tender sal op eie koste die fasiliteit waarvoor u getender het volgens die gesondheidsregulasies toerus soos per voorskrifte daar te stel.

   Die suksesvolle tender sal verantwoordelik wees vir die bykomende koste ten opsigte van die voorgeskrewe gesondheidsregulasies waarvoor u voorsiening moet maak.

4. Die vooruitbetaalde sleuteldeposito word bereken uit een maand se huurgeld en 'n kragdeposito.

5. Die beskikbare perseel (voetstoots) bestaan uit die volgende:

   a. Totale oppervlakte *6 204* m^2.
   b. Onderdakoppervlakte *388* m^2.

6. Alle regulasies wat van toepassing is op beroepsveiligheid en voedselvoorsiening moet te alle tye nagekom word. Die fasiliteite sal minstens een keer per kwartaal deur die skoolbestuur inspekteer word. Die nodige sertifikaat-verslag sal aan die beheerliggaam voorgehou word. Versuim om die voor-skrifte na te kom, sal die beëindiging van die kontrak tot gevolg hê.

7. Die kontraktydperk is onderhandelbaar vir ’n periode van 12 - 36 maande tot ’n maksimum van 60 maande met die opsie om dit daarna verder te verleng.

8. Voorgestelde bedryfsure (neem die volgende in ag):

   a. Maandae – Vrydae: 08:00 – 17:00
   b. Saterdae: 08:00 – 13:00
   c. Sondae: Geen (kan onderhandel word)

9. Geen bestellings mag by verskaffers in die naam van die skool geplaas word nie en die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige aanspreeklikheid teenoor instansies wat dienste en of goedere aan die fasiliteit lewer nie.

10. Die besigheidsprofiel moet komplimenterend tot die Hoërskool Rustenburg wees.

11. Die suksesvolle tender moet bereid wees om ’n skriftelike kontrak met die beheerliggaam te teken.

TENDERVOORSKRIFTE:

Voornemende belangstellendes moet ‘n elektroniese tender indien, wat die volgende bevat:

a. Die naam, identiteitsnommer en kontakbesonderhede van die applikant met ‘n gewaarmerkte identiteitsdokument.

b. Die BTW-registrasienommer (indien geregistreer) van die applikant met ’n gewaarmerkte registrasiedokument.

c. ’n Volledige besigheidsplan uiteengesit van hoe die voornemende applikant beoog om die fasiliteit te vestig en te bedryf, met inagneming van:

    - Besigheidsagtergrond;
    - Finansiële projeksies;
    - Bemarkingstrategie;
    - Befondsingstrategie;
    - Bestuursondervinding en personeeluiteensetting; en
    - Besigheidseienaar volledige CV met verwysings na ooreenkomstige ervaring.

Tenders wat nie aan die vereistes hierbo voldoen nie, sal nie oorweeg word nie. Die besluit van die beheerliggaam oor ‘n suksesvolle applikant, is finaal. Die beheerliggaam behou die reg voor om verdere uitnodigings te rig indien geen bevredigende tenders ontvang word nie.

Gepubliseer namens **die beheerliggaam van die HOËRSKOOL RUSTENBURG**